Boek, borde oor Fransman se dood in ABO kry nuwe huis

Charles Smith

Die oudjoernalis en skrywer Fritz Joubert van Hermanus het 'n boek en borde oor die Franse militaris Georges Henri Anne-Marie Victor de Villebois-Mareuil aan die Oorlogsmuseum in Bloemfontein oorhandig.

Joubert het die boek *Die Franse kolonel* deur Roy Macnab, wat hy vertaal het, en twee borde wat die Fransman in die Anglo-Boereoorlog (ABO) uitbeeld wat hy dekades gelede in Frankryk gekoop het, geskenk.

Hy het die artikels op 'n spesiale besoek aan Twin Mosia van die museum oorhandig.

De Villebois-Mareuil het aan die kant van die Boere in die oorlog kom veg en het by Boshof in die Vrystaat gesneuwel, vertel hy.

"Roy Macnab het 'n boek oor hom geskryf wat ek as jong joernalis uit Engels in Afrikaans vertaal het. Jare later, toe ek in Londen gewerk het en met vakansie in Frankryk was, loop ek in 'n antieke winkel in Carcassonne twee muurborde raak wat die dood van die Franse kolonel uitbeeld.

"Ek het dit summier gekoop, jare vir ons gehou, maar nou wil ek alles minder maak en die boek sowel as die borde aan die museum skenk."

Georges Henri Anne-Marie Victor, Graaf de Villebois-Mareuil (22 Maart 1847 tot 6 April 1900), was 'n Franse weermagoffisier en skrywer wat aan die Frans-Pruisiese Oorlog, die Franse verowering van Tunisië en die Anglo-Boereoorlog deelgeneem het.

In 1899 het hy na Suider-Afrika gereis as 'n buitelandse vrywilliger om aan die kant van die Boererepublieke teen die Britte te veg.

De Villebois-Mareuil is tot deelname aan die oorlog gemotiveer deur sy anti-Britse sentiment. Hy is in Boerediens tot die rang van generaal-majoor bevorder, maar het slegs maande ná sy aankoms in Suider-Afrika in die stryd gesneuwel.

De Villebois-Mareuil het op 6 April gesneuwel terwyl hy 120 lede van sy eenheid bestaande uit buitelandse vrywilligers, wat Duitsers, Franse, Nederlanders en Amerikaners ingesluit het, gelei het in 'n aanval teen 750 Britse soldate onder bevel van lord Chesham op 'n heuwel naby Boshof.

De Villebois-Mareuil se Boerebondgenote het besef dat die Britte besig was om met hulle te flankeer en het toestemming gevra om terug te trek, maar hy het geweier in die hoop dat 'n naderende donderstorm hom sou help.

Die Boere het besluit om sonder bevele te vertrek, wat De Villebois-Mareuil en sy manne alleen teen die Britse mag gelaat het.


Ná 'n paar uur se gevegte is De Villebois-Mareuil se lewe deur 'n Britse artilleriegranaat beëindig. Die moreel onder sy oorlewende manne het gedaal en hulle het hulle kort daarna oorgegee.

Sy oorskot is na Boshof geneem waar die Britte vir hom 'n volle militêre begrafnis gereël het – 'n uitgawe wat lord Methuen uit sy eie sak betaal het. Sy oorskot is in 1971 opgegrawe en by Magersfontein begrawe.

Cédric Avenet, 'n gesant van die kantoor van die Franse militêre attaché in Suid-Afrika, het op 16 April 'n krans op die graf van die Franse aristokraat se graf daar gelê.



Die oudjoernalis en skrywer Fritz Joubert van Hermanus het 'n boek en borde oor die Franse militaris Georges Henri Anne-Marie Victor de Villebois-Mareuil aan die Oorlogsmuseum in Bloemfontein oorhandig. Hy het die boek van Roy Macnab self vertaal en die borde in Frankryk gekoop. Hier oorhandig hy die items aan Twin Mosia van die museum. Foto: VERSKAF



Die boek *Die Franse kolonel* deur Roy Macnab is deur Fritz Joubert aan die Oorlogsmuseum geskenk. Hy het die boek dekades gelede in Afrikaans vertaal. Foto: VERSKAF



Die Franse graaf en militaris Georges Henri Anne-Marie Victor de Villebois-Mareuil. Foto: WIKIPEDIA

"Hy is in Boerediens tot die rang van generaal-majoor bevorder.



Een van die muurborde wat Fritz Joubert in Frankryk raakgeloop het wat die dood van die Franse graaf Villebois-Mareuil uitbeeld en wat Joubert aan die Oorlogsmuseum in Bloemfontein geskenk het. Foto: VERSKAF

'ONS MOET IN SY VOETSPORE VOLG'

Tuinroete se polisie groet geliefde Vossie

Jackie Kruger

Hy het die gemeenskappe van die Suid-Kaap en Karoo met trots en toewyding gedien.

AO Dewald Vorster, die polisieduiker van George is op 27 Oktober dood tydens 'n opleidingsoefening naby Robbeneiland.

So het genl.maj. Phumzile Cetyana, polisiehoof in die Tuinroete, gistermiddag op 'n huldigingsdiens van die polisie vir Vorster (43) in die Outeniquasaal by hul gebiedskwartiere in George gesê.

Die Burger het vroeër berig Vorster het op 27 Oktober ongeveer 25 m geduik en veilig opgekom vir asem. Hy het egter daarna duidelik mediese hulp nodig gehad en is in die water en op land behandel, maar is dood.

'n Gedenkdiens vir hom is op 30 Oktober vanuit die NG kerk in George gehou.

Die geleentheid gistermiddag is deur Vorster se familie – onder wie sy vrou, Mariëtte, en hulle dogtertjie wat Dinsdag (3 November) drie jaar oud geword het – en kollegas bygewoon.

Van sy kollegas het op die diens vertel dat Vorster, oftewel Vossie soos hy bekend gestaan het, bekend was vir sy lag (dat sy oë toegaan), sterk werksetiek en selfdissipline. Hy was ook 'n ongelooflike leier wie se skielike dood almal verslae gelaat het.



'n Raam met foto's van AO Dewald Vorster staan gister voor in die Outeniqua-saal by die polisie se gebiedskantoor in George waar 'n huldigingsdiens gehou is. Foto: JACKIE KRUGER

'n Emosionele Cetyana het gesê dit is met 'n swaar hart en groot hartseer dat hy daar moet staan om 'n boodskap van medelye te bring.

Volgens hom is dood 'n realiteit, maar wanneer dit onverwags toeslaan, ontbreek die woorde.

"Vir so 'n diepgaande verlies kan woorde nie vasvang wat ons voel nie."

Volgens Cetyana het Vorster ander se lewens aangeraak en was hy bekend as 'n gedissiplineerde, netjiese en georganiseerde persoon.

"Ons moet in sy voetspore volg en sy nagedagtenis lewend hou."

Dit het op die diens geblyk dat Vorster meer as 23 jaar diens in die polisie gehad het.

Volgens Cetyana het hy verskeie medaljes ontvang. Hy was 'n seksieleier van die polisie se eenheid vir openbare orde, 'n gyselaaronderhandelaar, polisiebootskipper en 'n ad hoc-polisieduiker. Hy was ook lid van die soek-en-reddingspan tydens die George-bouramp wat op 6 Mei 2024 gebeur het toe 'n deelsgeboude woonstelblok in Victoriastraat inmekaargestort en 34 werkers dood is. Hy het 12 jaar lank verdrinkingslagoffers herwin.

Hy was deel van die span wat in September drie dae lank na Saag Jonker, boer en sakeman van Oudtshoorn, gesoek het nadat sy bakkie deur die Olifantsrivier meegesleur is.

Cetyana het verder 'n beroep op polisielede gedoen om "regtig vir mekaar te sorg en ook na hulself te kyk".

"Ons moet luister na ons liggame en op daardie boodskappe reageer. Lewe elke dag ten volle en waardeer elke dag, want ons weet nie wat volgende gaan gebeur nie."

Volgens hom sal Vorster se naam ook op die gedenkmuur vir gestorwe polisiebeamptes aangebring word.

– jkruger@24.com

Meneer Rot! Yslike prehistoriese knaagdier ontdek

Wetenskaplikes het 'n voorheen onbekende knaagdierspesie geïdentifiseer nadat twee gefossileerde tande in 'n steenkoolmyn in die suide van Thailand ontdek is. Die tande behoort aan 'n reusagtige knaagdier wat sowat 30 kg geweeg en 33 miljoen tot 35 miljoen jaar gelede geleef het.

Die antieke dier is een van die grootste bekende knaagdiere uit die Paleogeen-tydperk en bied nuwe leidrade oor hoe vroeë knaagdiere tot enorme groottes kon ontwikkel.

Die bevindings is die afgelope week in die vaktydskrif *Scientific Reports* gepubliseer. Dit is gegrond op 'n kiestand en 'n snytand wat in 2004 by 'n steenkoolmyn in die provinsie Krabi gevind is.

Pannipa Tian, 'n geoloog by Thailand se departement van mineraalbronne wat die snytand gevind het, sê sy het die fossiel eers verkeerd geïdentifiseer weens die buitengewone grootte daarvan. "Ek het eers gedink dit is 'n been. My toesighouer het vir my gesê dit is die tand van 'n reuserot," sê sy.

'n Ander ekspedisielid het op dieselfde dag op die donkerkleurige kiestand afgekom.


Die Krabi-bekken het voorheen fossiele van antieke primate, karnivore en gehoefde soogdiere opgelewer.

Wetenskaplikes het ten tyde van die ontdekking nog nie oor die tegnologie beskik om die spesie te identifiseer nie.

Meer as twee dekades later kon navorsers van Thailand, Frankryk en Kanada dit nou doen deur middel van 'n gedetailleerde ontleding van die tande.

Die dier was na raming omtrent die helfte so groot soos 'n groot kapibara, die wêreld se grootste lewende knaagdier, sê navorsers.

Die spesie is *Yakamys sirindhornae* genoem na Thailand se prinses Sirindhorn, 'n ondersteuner van wetenskaplike en paleontologiese navorsing. **– AFP**



Die prehistoriese knaagdier is na raming omtrent die helfte so groot soos 'n kapibara – die wêreld se grootste lewende knaagdier. Foto: GETTY IMAGES

Ma, dogter dood gekry in Kanada ná vermoedelike grysbeer-aanval

'n Ma en dogter is Dinsdagaand naby 'n staproete in die weste van Kanada dood aangetref ná vermoedelik 'n beeraanval, sê die owerheid.

Die twee het naby hul huis in Bella Coola in Brits-Columbië gaan stap en hul familie het hulle Sondag as vermis aangemeld, lui mediaberigte.

Wildbewaringsowerhede in die provinsie het in 'n verklaring verwys na 'n "vermoedelik dodelike grysbeeraanval".

Die eerste slagoffer is Maandag gevind en die tweede slagoffer 'n dag later.

"Dit is nog nie duidelik of meer as een (beer) betrokke was nie," sê Brits-Columbië se wetstoepassingsafdeling vir bewaring en voeg by dat enige beer wat betrokke was van kant gemaak sal word. 'n Skoolgroep is in November verlede jaar in dieselfde gebied deur 'n beer aangeval. Elf mense, onder wie van die kinders, is beseer, van wie sommige ernstig.

Grysbere (*grizzly bears*) kan hierdie tyd van die jaar aggressief wees terwyl hulle hul vetreserwe voor oorwintering opbou. **– AFP**

NETWERK24
ALLES OP EEN PLEK

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering
Die Mitchell's Plain Town Centre Improvement District NPC (MPTCID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2027/2028.
Datum: Dinsdag, 1 Desember 2026
Tyd: 10h00 – 12h00
Plek: Lentegeur Administrative Building, Chambers, C/O Melkbos and Merrydale Ave, Lentegeur
Net bona fide-lede van die MPTCID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die MPTCID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 24 November 2026 geregistreer wees.
Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na http://mptcid.co.za of bel 079 404 5335.

10% AFSLAG OP WYNAANKOPE
WINDMEUL
PLAASMARK
7 NOVEMBER 2026
08:00 tot 12:30 (onderdak) Wynverkope 09:00 tot 15:00.
BEPERKTE KAARTJIES LITEITE. BRING KONTANT.
R44 & Vrygunspad, Paarl
Tel: 021 869 8100 | www.windmeul.com

penzance estate
special rating area · hout bay
KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING
Die Penzance Estate Special Rates Area NPC (PESRA) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en om die verlenging van die CID-termyn goed te keur.
Date: 02 December 2026
Time: 09h00
Venue: Atlantic Boot Klub, Hawe Pad, Hout Bay
Net bona fide-lede van die PESRA kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die PESRA se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 23 November 2026 (een week voor die vergadering) geregistreer wees.
Die aansoekdokumente vir die verlenging van die CID-termyn is vir inspeksie beskikbaar by die bestuursliggaam se kantore, die kantoor van die uitvoerende hoof en word op die bestuursliggaam se webwerf gepubliseer.
Enige bykomendebelastingbetaler wat teen die aansoek om die uitbreiding van die CID-termyn gekant is, kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering 'n skriftelike beswaar indien, waarna die Raad die aansoek kan goedkeur sou beswaar nie van minstens 40% van bykomendebelastingbetalers ontvang word nie.
Lede van die plaaslike gemeenskap (insluitende eiendomsbesitters, inwoners, huurders, regspersone, burgerlike organisasies en nieregerings-, privatesektor- of arbeidsorganisasies) kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering skriftelike kommentaar oor die nuwe vyfjaarsaksiaplan indien.
Om as lid te registreer of vir meer inligting en dokumentasie, besoek www.penzance-estate.co.za. Om 'n skriftelike beswaar of kommentaar in te dien, e-pos penzanceestate@gmail.com of skakel 072 889 8770.

NETWERK 24

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering (AJV)
Die Vredekloof Community Improvement District NPC gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en om die verlenging van die CID-termyn goed te keur.
Datum: 30 November 2026
Tyd: 18h00
Plek: Vriend van God Kerk, Vredekloof
Net bona fide-lede van die Vredekloof CID NPC kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die Vredekloof CID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 19/11/2026 geregistreer wees.
Die aansoekdokumente vir die verlenging van die CID-termyn is vir inspeksie beskikbaar by die bestuursliggaam se kantore, die kantoor van die uitvoerende direkteur en word op die bestuursliggaam se webwerf gepubliseer.
Enige bykomendebelastingbetaler wat teen die aansoek om die uitbreiding van die CID-termyn gekant is, kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering skriftelike beswaar indien, waarna die Raad die aansoek kan goedkeur sou beswaar nie van minstens 40% van bykomendebelastingbetalers ontvang word nie.
Lede van die plaaslike gemeenskap (insluitende eiendomsbesitters, inwoners, huurders, regspersone, burgerlike organisasies en nieregerings-, privatesektor- of arbeidsorganisasies) kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering skriftelike kommentaar oor die nuwe vyfjaarsaksiaplan indien.
Om as lid te registreer of vir meer inligting en dokumentasie, besoek www.vredekloof.co.za (VCID – webblaaie). Om 'n skriftelike beswaar of kommentaar in te dien, e-pos manager@vredekloof.co.za of skakel 021 981-3303.

FISH HOEK
BUSINESS IMPROVEMENT DISTRICT
KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING
Fish Hoek Business Improvement District NPC gaan 'n algemene jaarvergadering hou.
Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2027/2028.
Datum: 30 November 2026
Tyd: 17h00
Plek: The Calders Hotel, Recreationstraat 1, Vishoek
Net bona fide-lede van die FHBID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die FHBID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 19 November 2026 geregistreer wees.
Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.fishhoekbid.co.za of bel 076 388 9615.


Johannesburg Veilings
Moderne en Kontemporêre Kuns en Wyn
REGSTREEKSE VIRTUELE VEILINGS
Strauss & Co. Centralstraat 89, Houghton, Johannesburg
Aandveiling: Moderne en Kontemporêre Kuns
Dinsdag, 17 November 2026 | 7 nm
Selected Pan-African Works from the Cotton Tree Collection
Woensdag, 18 November 2026 | 2 nm
Kanonkop: Three decades of Kanonkop, 1984 to 2001
Woensdag, 18 November 2026 | 7 nm
navrae
+ 27 11 728 8246
jhb@straussart.co.za
www.straussart.co.za
Strauss&co
Africa's Leading Art Auction House